# SONDAGSKOOL LES - God se Woord

**Doel van les:**

- In hierdie week se les praat ons oor kougom. As mens aan kougom dink, is daar 'n klompie goed wat in jou gedagtes opkom. Eerstens, wanneer jy die papier afhaal en in jou mond sit, is dit hard en nie baie buigsaam nie. Wanneer jy dit egter vir 'n rukkie kou, raak dit meer buigsaam en jy kan dit met lug vul en dit blaas totdat dit 'n groot borrel word. Kougom kou kan vergelyk word met God se woord lees en mediteer daarop. Soos kougom, moet jy vir 'n rukkie "kou" aan God se woord om die volle geur te ervaar. As nuwe Christen kan jy dit hard vind om te verstaan en het jy nodig om dit te kou om dit te verstaan. God se Bybel anders as kougom, verloor nooit sy geur nie. Wanneer ons vir 'n ruk aan dit gekou (mediteer) het, raak ons ook meer buigsaam en bruikbaar vir God. Hy kan ons rek, vul en gebruik.

**Ysbreker:**

- **Kougom blaas:** Gee vir elke kind kougom. Kyk wie kan die grootste borrel blaas.
- **Borrel resies**: Kyk wie kan in die groep eerste 10 borrels blaas met hulle kougom en dit bars. Die een wat eerste by 10 kom, wen

**Vrae in die groep**

- Wat is jou gunsteling soort kougom?
- Hoekom hou jy daarvan om kougom te kou?
- Wat beteken die spreekwoord: Om aan iets te kou?
- Hoe kan mens daarby baatvind om lank aan iets te kou?

**Maak dit geestelik:**

1. Op watter manier is sit en dink aan 'n gedeelte wat jy in die Bybel gelees het, dieselfde as om kougom te kou? (In die speletjies het almal gejaag om die kougom gekou te kry sodat 'n borrel geblaas kon word. Daar was nie tyd vir dinge stadig vat of tyd neem om die geur van die kougom te geniet nie. Dis gekou om die taak gedoen te kry. Ongelukkig is dit hoe baie mense Bybel lees hanteer. Hulle lees net genoeg om die taak gedoen te kry, maar sit nie regtig en dink waaroor dit gaan en wat God wil sê nie. Of om dit te geniet nie. In die Bybel word daar gepraat van ons moet dink aan wat in die woord staan. Ons word ook vertel om dit te proe en ondervind dat God goed is).
2. Wanneer jy 'n stukkie kougom oopmaak, kou jy dit vinnig en sluk dit in of kou jy dit vir 'n rukkie en geniet dit? (Wat is jou gunsteling kos? Het jy al ooit jou gunsteling kos baie stadig geeet en aan elke happie gedink en die geur ervaar en geniet? Dis baie hoe mens mediteer oor die woord sal verduidelik.

Kry terugvoer.

**Maak dit prakties**

**Mediteer beteken om jou tyd te neem en hard en lank te dink aan iets, om te fokus op iets om die meeste uit dit uit te kry.**

- **Wat is maniere wat ons op Bybelgedeeltes wat ons lees, kan mediteer?**

Hier is so 3 wenke wat dalk kan help:

- Soek woorde op in die woordeboek wat jy dalk nie verstaan nie. As jy die volle betekenis van die woord verstaan, mag die teksvers vir jou meer sin maak.
- Lees 'n vers en sit elke keer die klem op 'n verskillende woord. Soos bv Johannes 3:16
  Want SO lief het God die wêreld gehad;
  Want so LIEF het God die wêreld gehad;
  Want so lief het GOD die wêreld gehad;
  Want so lief het God die WêRELD gehad;
  Dink aan hoe elke woord wat beklemtoon word meer diepte bring aan die betekenis van die vers.
- Lees dit in 'n Engelse Bybel of dalk 'n ander vertaling.

Die belangrikste is om te bid en die Heilige Gees te vra om met jou te praat deur dit wat jy nou gaan lees en dat Hy jou sal help om te verstaan wat God vir jou wil sê.

**Maak dit persoonlik**

Sit tyd uit elke dag om Bybel te lees. Dit help ook om 'n boekie naby te hê om als neer te skryf wat jy voel die vers vir jou sê.

Lees Joshua 1:8

Sluit af in groepe met gebed.